Graad 2 Doenboek

Ek is deel van God se groot verhaal

Johannes Mouton

KENNIS-KATEGESE

BM Bybel-Media | jeugfokus

Inhoudsopgawe

’n Brief vir jou en jou ouers	4–5
1. Afskop	6
Tema 1 – Die skepping	
2. God maak die plante en die diere	8
3. Noag en die nuwe begin	10
Tema 2 – Aartsvaders	
4. Abraham leer om te vertrou	12
5. Moses is bang, maar die Here gebruik hom steeds	14
Tema 3 – Paasfees	
6. Jesus vergewe (Lydenstyd)	16
7. Jesus leef (Opstanding)	18
Tema 4 – Hemelvaart	
8. Jesus maak vir ons plek	20
Tema 5 – Pinkster	
9. Getuies vir Jesus	22
Tema 6 – Só is God	
10. God doen wat Hy belowe	24
11. Vertrou op God	26
12. God hoor ons gebede	28
13. God is uniek	30
Tema 7 – Jesus	
14. Jesus se volgelinge	32
15. Jesus is die sterkste	34
16. Jesus beskerm en gebruik ons	36
Tema 8 – Kersfees	
17. Jesus word verheerlik	38
18. Gee vir ander	40

’n Brief vir jou

Baie welkom by hierdie jaar se kategese. Dit is wonderlik dat jy deel van hierdie groep is. Ons glo jy sal dit geniet en baie van die Here leer.

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Dit is God se woorde aan mense. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as gelowiges ons lewe behoort in te rig. Dit is hoekom dit belangrik is dat jy die Bybel van jongs af lees.

Ons gaan jou daarom vanjaar help om God en die Bybel beter te leer ken. In die groep gaan julle elke week oor ’n onderwerp gesels en aktiwiteite saam doen. As groep gaan julle mekaar help en ondersteun. Julle gaan saam dink en saam gesels om die Bybel beter te leer ken en te verstaan sodat julle elke dag daarvolgens kan leef.

Dit sal lekker wees as jy elke week die ontmoeting bywoon, anders gaan jy baie mis.

Jy het natuurlik ook hierdie Doenboek om jou te help. Die Doenboek sal jou help om alles waaroor julle in die groep gesels het nog beter te verstaan. Maak dus in die week tyd om die aktiwiteite in die Doenboek te doen. Jy kan dit alleen doen of saam met iemand wat saam met jou in die huis woon.

Ons bid dat hierdie jaar vir jou baie lekker gaan wees en dat jy sommer baie van God en die Bybel sal leer.

Geniet dit!

’n Brief vir jou ouers

Liewe Ouer

Dit is ’n voorreg om jou kind in my groep te hê. Ek glo dit sal vir ons elkeen ’n wonderlike en geseënde jaar wees.

By elke ontmoeting is daar ’n aktiwiteit wat die kinders by die huis kan doen. Dit help om die inhoud vas te lê. Ek wil vra dat jy iewers in die week tyd sal maak om die aktiwiteit in die *Doenboek* saam met jou kind te doen. Dit is ’n wonderlike geleentheid om by jou kind se geloofopvoeding betrokke te wees.

Dan wil ek ook vra dat jy gereeld vir ons groep sal bid. Ek sal ook moeite doen om vir julle gesin te bid.

Vriendelike groete

Selfoonnommer: .....

E-posadres: .....

Ontmoeting 3
Noag en die nuwe begin

Kernvers	Noag … het naby God geleef – Genesis 6:9.
Kernwaarheid	God het 'n plan gemaak toe die mense ongehoorsaam en self-sugtig geword het. Maar God het oor begin met Noag en sy gesin. God gooi ons nie weg wanneer ons verkeerde dinge doen nie.
Lees	Genesis 6:5-22 en 8:20-22
Wonder	Wat beteken dit vir jou dat God so lief is vir jou dat Hy jou altyd sal vergewe en oor sal begin met jou?
Leef	Hoe kan jy vir Here dankie sê vir sy liefde en nuwe kanse? Gaan doen dit hierdie week.
Bid	Dankie, Here, dat U vir my lief is en altyd bereid is om oor te begin met my. Amen.

Teken enige dier by Noag op die ark. Jy kan ook blou papier gebruik om soos water rondom die ark te plak.

Aktiwiteit

Ontmoeting 4
Abraham leer om te vertrou

Kernvers	Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet – Romeine 8:28.
Kernwaarheid	Jy kan altyd op God vertrou, selfs al verstaan jy nie hoekom iets gebeur nie. God sal altyd alles goed laat uitwerk. En partykeer wil God jóú gebruik om dinge goed te laat uitwerk.
Lees	Genesis 22:1-19
Wonder	Wanneer was dit al vir jou moeilik om te dink dat God iets goed sal laat uitwerk? Wat help jou om op die Here te vertrou?
Leef	Waarvoor vertrou jy God op hierdie oomblik?
Bid	Baie dankie, Here, dat ek U met alles kan vertrou. Wys vir my hoe ek dinge goed kan laat uitwerk vir iemand anders. Amen.

Gebruik hierdie prente om die storie van Abraham en Isak in jou eie woorde oor te vertel.

Aktiwiteit